

N.G. Gemeente Vaalpark

# Gebedsbulletin no 31

30 Julie 2023

## Die Heilige Gees bring lewe!

**‘n Pa en sy seuntjie is met ‘n vlieër af strand toe. Dit was ‘n relatief windstil dag, maar hulle was optimisties. Nodeloos om te sê hulle moes maar vrede maak om te wag vir ‘n lekker winderige dag. Ons lewens is baie soos ‘n vlieër. Ons het die wind van God se Gees nodig om geestelik aan die lewe te bly. Soms probeer ons in eie krag opstyg, maar ons ken die neus-in-die-grond-gevoel maar alte goed. Ons is magteloos om op eie houtjie die vinnige, ingewikkelde lewe aan te durf as ons nie uit die krag van God die Heilige Gees lewe nie.**

**Die Heilige Gees is ‘n Persoon!**

**Daar word nooit in die Woord na die Heilige Gees as “dit” verwys nie, want Hy is ‘n Persoon. Uit die Woord sien ons duidelik dat die Heilige Gees oor intellek, ‘n eie wil en emosies beskik. Verder tree die Heilige Gees op soos wat ‘n mens van ‘n “persoon” kan verwag. Hy praat: ”Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê…” (Op 2:7). Hy tree as Middelaar op: ”En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge” (Rom8:26). Hy is ‘n Gees wat liefhet:”…op grond van die liefde wat van die Heilige Gees kom…”(Rom 15:30b). Hy gee raad, wysheid en kennis:”...die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here.” (Jes 11:1,2). Hy gee leiding: ”Want almal wat deur die Gees van God gelei word, is kinders van God” (Rom 8:14). Wanneer ons met Hom praat, sou ons vir Hom kon lieg (Hand5:3,4); ons sou Hom kon beledig (Hand 10:29); ons sou teen Hom kon laster (Matt 12:31,32); ons sou Hom kon bedroef (Ef 4:30).**

**Die Heilige Gees het karakter!**

**Dit is belangrik dat ons die karákter van die Heilige Gees verstaan. Die Heilige Gees is God. As Hy in ons kom woon, is dit belangrik dat ons sal weet wie Hy is en wat Hy in en deur ons doen. Hy is almagtig (Luk1:35); alomteenwoordig (Ps139:7) en alwetend (1Kor 2:10,11). Verder is die vrug van die Gees in Gal 5:22-23 wat ons so goed ken die karaktertrekke van die Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Dit is hierdie karaktertrekke van Hom wat in ons werksaam kan wees as ons by die Wingerdstok ingeplant is. Die Heilige Gees gee vir ons hierdie karaktereienskappe – ons moet net besluit of ons die vrug iewers in ‘n donker kas laat vrot of gebruik tot voeding en seën van ander. Hy gee ons ook geestelike gawes sodat ons die werk kan doen waarvoor God ons geroep het. (vervolg)**

## Dankbaarheid!

- **Vir die gawe van die Heilige Gees wat binne in ons woon!**
- **Dat ons as God se kinders beseël is met die Heilige Gees!**
- **Dat Hy Jesus aan ons openbaar en ons al hoe meer na die gelykenis en beeld van Jesus verander!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente dat hulle God se liefde vir hulle sal ontdek.
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood in ons land.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Stefaans du Plessis
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Baba Handré Kotzé
- Petrus Venter
- Jillian Jansen

Cedric Wiegand
Ria Putter
Tannie Martie de Beer
Monty Pienaar
Heleen Lamont
Piet Venter
Sumari Pretorius
James Vermaak
Albert Glockzin
Oom Willie en tannie Dezi

## Gedagte vir die week

**“…laat die Gees julle vervul…”**
**Ef 5:18**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org